NG Gemeente Onrusrivier

Ons almal saam in diens van Jesus Christus - oral, altyd en in alles

www.ngkonrusrivier.co.za

/ngonrus

Vakature: Skakelbeampte

Die NG Gemeente Onrusrivier (Hermanus, Wes-Kaap) het tans 'n vakature vir 'n geskikte persoon om as skakelbeampte in die plaaslike kerkkantoor op te tree.

Posbeskrywing:

Bestuur, koördinering en uitvoer van alle kommunikasie verantwoordelikhede op operasionele vlak, met inagneming van strategiese doelwitte t.o.v. die gemeente se visie en waardes. Hierdie sleutelrol sluit ook bestuursfunksies in, naamlik beplanning, koördinering en implementering van al u aksies en projekte. Die geskikte persoon sal 'n belangrike rol speel in die skakeling tussen die kerkraad, bestuurspan, dienaarspan en ander belangegroepe ten einde gedeelde verantwoordelikhede suksesvol in spanverband te hanteer.

Pligte:

Administrasie, sekretariële werk, skakeling met die publiek, leraars, kollegas, hantering van alle sosiale mediaplatforms, opstel van weeklikse nuusbrief en jaarlikse kalender, koördinering van kerklike aktiwiteite, dienste, ens.

Vereistes:

- Erkende kwalifikasie in kommunikasie en/of bemarking of bewese toepaslike ondervinding
- Goeie interpersoonlike-, mondelinge-, skryf- en kommunikasievaardighede
- Vlot in Afrikaans en Engels – praat, lees en skryf. Kennis van ander tale, bv. Xhosa, sal 'n aanbeveling wees.
- Uitstekende syfer-, rekenaar- en sosiale mediavaardighede. Bedrewenheid t.o.v. grafiese ontwerp is belangrik.
- Kode 8 bestuurslisensie en eie betroubare vervoer
- Meelewende Christen
- Passievol oor gemeentewees en die kerk se rol en beeld in die gemeenskap

Vergoeding en voordele:

- Bruto jaarlikse vergoeding van R 100 000.00 – R 200 000.00 afhangend van kwalifikasies en talente
- Statutêre verlof en siekteverlof voordele
- Selfoon- en internettoelaag

Aansoeke:

Stuur asseblief u motiveringsbrief en CV (maksimum 3 bladsye) na bestuur@ngkonrusrivier.co.za. Aansoeke wat ná die sluitingsdatum ontvang word, sal nie oorweeg word nie. Die kerkraad behou die reg voor om nie die vakature te vul nie.

Sluitingsdatum: 14 Mei 2021

Navrae: Frans Wessels - 082 557 1440